VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

19 MEI 2020
HERDERSBRIEF #23B

Geliefde gemeente,

Alles wat ons die Vader bid, in geloof aan Hom toevertrou, maak Hy enige saak haalbaar.

Gister, op ‘n wonderbaarlike wyse het Hy in ***Joh. 17*** ‘n waarheid – openbaringskennis – wat ek nog nooit voorheen so verstaan het nie, aan my gees geïnspireer.

***Joh. 17*** is ‘n Goddelike woord wat op hierdie tydstip, so van toepassing is. Jesus Christus verklaar Sy liefde teenoor die Vader, en bevestig Hy die Vader se liefde, vir Hom – ***Joh. 17:24***. Terselfdertyd, is dit Jesus se verwagting dat daardie liefde, waarmee God die Vader Jesus liefgehad het, in ons kan wees – en word gewaarborg dat Christus se Gees in ons is – ***Joh. 17:26***.

Daarna vertoef Hy in die tuin van Getsemane, en noem teenoor Petrus die volgende: ***Joh. 18:11*** *“Steek jou swaard in die skede”,* dan verklaar Jesus die volgende: **“DIE BEKER WAT DIE VADER MY GEGEE HET, SAL EK DIT DAN NIE DRINK NIE?”**

Net maar alles: die praktiese verloopstruktuur; negatiewe omstandighede; intense stryd; wanpersepsies; kon die wedersydse liefde, tussen die Vader en Jesus Christus, nie uit kanselleer nie, en het Jesus Christus – midde in die stryd – in Sy liefde jeens die Vader, die beker tot die laaste droesem toe ledig. (Hy het in Sy liefde jeens die Vader, ***getrou*** gebly).

Wat sê die Here vir ons?

- ***“Steek jou swaard in die skede.”***

  Moenie die stryd in jou eie krag stry nie. Slegs jou liefde jeens die Vader, sal dit vir jou moontlik maak, om nie sake in eie hande te neem nie. Die stryd behoort aan die Here.

  Wedersydse liefde, tussen jou en die Vader sal die deurslag gee, nie omdat dit met my goed gaan nie, maar nieteenstaande die feitelike inhoud, juis daardie liefde jou die saak laat deursien.

- ***“die beker wat die Vader My gegee het, sal ek dit dan nie drink nie?”***

  Daar is spesifieke omstandighede en situasies en selfs lewensroeping en lewensdoel, wat jou in staat stel – soos Jesus die beker gedrink het – ek ook so my beker drink. Dit verskil van persoon tot persoon. Huidiglik, het ek ten opsigte van my eie lewe hierdie berusting verkry, dat soos Jesus Sy beker gedrink het, ek ook my beker drink. Dit is nie ‘n **“BEKER”**, wat aan my deur mense gegee is nie. Dit is ‘n **“BEKER”** wat ek moet drink, wat persoonlik deur God aan my toevertrou is.

Kom ons **AANBID HOM** – en verstaan dat ons saam met Hom, gelykvormig aan Sy dood, gegroei het. Paulus het uitgeroep: ***2 Tim. 4:7*** *“ek het die wedloop voleindig.”* So sal ons ons opgelegde taak volbring.

In Jesus Christus.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335